NG JEFFREYSBAAI

Kleingroepe 22 Maart - Lydenstyd

Verloop

Volg asb. higiëniese riglyne & persone met verkoue simptome moet hul liefs isoleer tot beter.

Probeer ook om 'n 2-3 meter afstand te handhaaf.

Welkom/Lief en Leed	Hoor hoe dit met mekaar gaan.
Waardig/Lofprysing en aanbidding	Tyd om God te loof en prys en Sy naam groot te maak
Woord/Bybelstudie - Luister hier eers na die whatsapp voice note.	Tyd om die woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. Vind as groep uit wat God vir julle sê. Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek.
Werke/Projekte – mens-tot-medemens fokus	Praktiese dissipelskap – reik uit na die wêreld in nood.
Kollekte	Jul kan kollekte EFT of per koevert by kantoor ingee
Voorbidding	Dra mekaar en andere op aan God

Skrifgedeelte van die week

Lees Jeremia 31:23-25 & :29-35 - Luister hier eers na die whatsapp voice note.

Wat sê die Woord

1. **God was besig met Juda & Efraim. Waarmee dink jul is God besig op die oomblik?**
   Hou die fokus hier op God en nie gebeure nie.
2. **Dit is Lydenstyd en ons dink aan Jesus se pad na die kruis. Watter hoop gee Jer. 31:25?**
   Watter hoop het Jesus vir die wêreld gebring? Hoe kan jul as groep moed aan ander gee in dié tyd?
3. **Watter betekenis het God se verbondsbelofte vir jul in Jer. 31:33?**
   Die troos om aan God te behoort, Hy is ons God. Ons is Sy kinders, Hy het ons lief. Ons voorouers se sonde het nie houvas op ons nie, elkeen doen verantwoording vir eie lewe voor God.
4. **Hoe word God beskryf in :35? Vertrou en glo vas in Sy Almag?**
   Juda se verantwoordelikheid van om die verbond te hou en terug te keer na God God se pad, nie eie koers volg nie (:22) Wat is ons verantwoorde optrede in dié tyd met die Corona virus om nie ander aan te steek nie en hoe kan ons liefde aan ander betoon?

Gebed

U het gesê: "Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee". Ek kom daarom voor U Heer van rus en vrede, bring my nou tot rus. Help my om nou op u teenwoordigheid te fokus. Dankie dat U Woord ons verseker, U is in beheer. Ek vind nou rus in u teenwoordigheid. Amen.